# Delicious RVK wen Barends/Kaizer Trofee



Delicious spanlede met die Barends/Kaizer trofee wat hulle gewen het en die nuwe gazebo's wat deur Gerda de Wet, kommunikasie bestuurder van Rooibos Bpk, oorhandig is.

*Berig en foto: Mariaan Smuts*

**CLANWILLIAM:** Die Boland Klubrugby liga se eerste ronde het op 23 April begin. Delicious RVK het teen Marines RVK (Lambertsbaai) op hul tuisveld gespeel.

Die twee spanne het meegeding om die Barends/Kaizer trofee. JG Barends is die voormalige skoolhoof van Sederberg Primêr, asook voormalige voorsitter van Delicious Rugbyklub. THF Kaizer is voormalige skoolhoof van PW de Bruin Primêr, asook voormalige voorsitter van Marines Rugbyklub.

Die tweede ronde van die liga het op 23 Julie begin. Die dag het afgeskop met 'n skolewedstryd tussen Hoërskool Lambertsbaai en Clanwilliam Senior Sekondêr. Daarna het Delicious en Marines mekaar die stryd aangesê en goeie kompeterende rugby gespeel. Die dag se uitslae is soos volg:

Delicious D 5 - Marines D 5
Delicious C 7 - Marines 16
Delicious B 7 - Marines B 5
Delicious A 31 - Marines A 13

Delicious het die 2de ronde afskop met 'n wegwedstryd teen Marines en al 4 spanne van Delicious het gewen. Delicious is gekroon as die wenner van die Barends/Kaizer trofee.

Marines D 19 - Delicious D 23
Marines C 9 - Delicious C 13
Marines B 3 - Delicious B 5
Marines A 22 - Delicious A 41

Delicious het die afgelope naweek teen Citrusdal RVK kragte gemeet op tuisbodem en al drie spanne van Delicious het gewen.

Tellings van die afgelope naweek:

Delicious C 3 - Citrusdal C 0
Delicious B 9 - Citrusdal B 8
Delicious A 17 - Delicious A 16

Delicious reis die komende naweek na Vredendal om teen Excelsiors RVK (Klawer) kragte te meet.

# Young Spurs dankbaar vir groot skenking



Young Spurs bestuurslede, kapteins en Noordbaai Vissers borge.

*Berig en foto: Annemarie Munnik*

**DORINGBAAI:** Young Spurs Rugbyklub, ondersteuners, spelers en ander rolspelers het Saterdag, 30 Julie by Doringbaai Primêr bymekaargekom vir die oorhandiging van toerusting vanaf Noordbaai Vissers Bpk.

Young Spurs is die rugbyklub van Doringbaai, maar bestaan nie net uit Doringbaai spelers nie. Spelers kom van so ver as Kliprand, Klipfontein, Nuwerus, Bitterfontein, Koekenaap, Lutzville, asook Ebenhaeser.

Die voorsitter van Young Spurs, Michael Arendse het die verwelkoming behartig en ook die gemeenskap bedank vir die insae wat hulle lewer.

Eugene Rosant, oudspeler van Young Spurs het kortliks die geskiedenis van die klub gedeel. Hy noem dat die vorige klub in Doringbaai, Perseverance, ontbind het. Na 'n paar jaar van stilte, het jong en ouer spelers saamgewerk om in die laat 80's Young Spurs op die been te bring. Op daardie stadium was Rosant nog 'n hoërskoolleerder. Hy noem dat die klub in juffrou Don se klas by die skooltjie ontstaan het. Johan Owies en Davy Afrikaner het op daardie stadium saam met van die ou Perseverance manne leiding geneem.

Rosant noem dat Young Spurs goeie spelers opgelewer het, al het hul soms gesukkel om al die spelers by die wedstryde te kry. Hul het verskeie struikelblokke oorwin, maar die klub het gegroei tot 'n organiseerde eenheid. Hul was in 2017 die ligakampioene van die Noordweste. Hy sluit af deur aan die spelers te noem dat hulle die kinders in Doringbaai se helde is, dit wat jy op die veld doen is, reflekteer op wat jy buite doen.

Daarna het die pastoor, Andries Blankenberg 'n boodskap vir die spelers uit Rigters gebring, waarna hy die seën oor die drie spanne se truie uitgespreek het.

Die program is afgesluit deur die voorsitter van Noordbaai Vissers en oudspeler, Andrew Stevens. Hy noem dat dit vir Noordbaai Vissers 'n groot voorreg is om 'n bydra te kan lewer. Stevens is ook besig met 'n ander projek, hy wil graag aan die span 'n bus borg. Hy bedank ook die bestuur van Young Spurs vir hul toewyding aan die span. Hy noem dat die span as 'n eenheid met die nuwe klere moet uitdraf, en dit met trots moet dra. Noordbaai Vissers het vir die drie spanne truie, sokkies, waterbottels, rugbykegels, balle, baniere en gazebo's geborg.

Young Spurs het Saterdagmiddag na die verrigtinge teen Eagles van Vanrhynsdorp gespeel.

Eagles wen al drie wedstryde; die A-span 13 - 11, die B-span 13 - 7 en die C-span 8-3.


Graag wil Young Spurs RFC bestuur vir Noordbaai Vissers Bpk hartlik bedank. 'n Spesiale dank aan Andrew Stevens vir die skenking. Ons is uiters dankbaar vir hul ondersteuning en groot bydrae tot ons nuwe sportuitrustings en toerusting.

- Young Spurs Rugbyklub

Noordbaai Vissers Bpk.

YOUNG SPURS DORINGBAAI RFC



PROTEA DRUKKERY

FAKTUUR/INVOICE
KWITANSIE/RECEIPT
BESTELLING/ORDER
AFLEWERINGSNOTA
PRE-CHECKLIST
JOBKAARTE
DEBIETNOTAS

Vir die druk en ontwerp van boeke kontak ons gerus.

Sentraalstraat 8, Vredendal
Tel: 027 213 2074
Faks: 027 213 2075



**Cape Natural Agri Services**, is op soek na 'n dinamiese

Agri Services Cape Natural

## DEPOTBESTUURDER
### VANRHYNSDORP

Daar sal van die kandidaat verwag word om die depot doeltreffend te bestuur, goeie diens te lewer aan hul produsente en te verseker dat alle aktiwiteite glad verloop.

**VERANTWOORDELIKHEDE:**

- Depot operasionele funksies
- Voorraadbestuur
- Bestuur van personeel
- Hanteer alle inkomende- en uitgaande versendings
- Nakoming van gesondheids- en veiligheidstandaarde
- Voedselveiligheidstandaarde
- Kwaliteitsbepaling (Graderings)
- Kommunikasie & sterk in rekordhouding

**VEREISTES:**

- Graad 12 kwalifikasie
- Tersiêre kwalifikasie in Depotbestuur, logistiek, voorraadbeheer sal voordelig wees
- Minimum 3 jaar werkservaring in voorraadbeheer
- Minstens 1 jaar ondervinding as 'n bestuurder of toesighouer
- 'n Kode EB (08) bestuurderslisensie en vurkhyserlisensie
- Rekenaarvaardig: Word, Excel, Powerpoint, Outlook
- Goeie kommunikasie en taalvaardighede in Afrikaans & Engels
- Goeie interpersoonlike vaardighede
- Goeie menseverhoudinge
- Aansoeke wat in Vanrhynsdorp woonagtig is of bereid is om te skuif, sal voorkeur geniet.

Geskikte kandidate kan 'n volledige CV & dekbrief per epos vir aandag Deon Zandberg na adel@rooibostea.co.za stuur.

As u nie binne 14 werksdae van ons gehoor het nie, kan u aanvaar u aansoek was onsuksesvol.

**Sluitingsdatum:** Vrydag 12 Augustus 2022


Roma Energy Vanrhynsdorp (Pty) Ltd — EviroAfrica CC

**NEMA Public Participation Process**
**Amendment of approved Roma Solar Energy Facility, Vanrhynsdorp**

Notice is hereby given of the intention to submit an amendment of Environmental Authorisation (EA) application, and the public participation process in terms of the National Environmental Management Act, 1998 (Act No. 107 of 1998), as amended ("NEMA"), Environmental Impact Assessment (EIA) Regulations, 2014 (as amended). EnviroAfrica CC has been appointed by Roma Energy Holdings to manage the process of applying for the amendment of the EA for the above-mentioned project.

The amendment application for the Vanrhynsdorp Solar PV Facility EA (DEA Reference: 14/12/16/3/3/1/1854) includes the following:

- From authorised maximum electricity generation of 5 MW, amend to a maximum of 10 MW electricity generation;
- From only 10 ha of land being used for electricity generation, amend to less than 20 ha of land being used for renewable electricity generation (PV solar panels);
- Amend project description to accommodate the 10 MW plant and to include the Hydrogen plant with storage of less than 30 cubic meters;
- From authorised evacuation to the national grid, change to evacuation to a hydrogen plant within the 20 ha approved solar plant development footprint area, and/or other possible clients, bidders, municipalities and the national grid;
- Amend EA to include the development of a hydrogen plant (approximately 0.8 ha) within the approved 20 ha solar plant footprint area;
- Amend EA to increase the time validity of the Environmental Authorisation with 10 years (change EA validity from 08/05/2023 to 08/05/2033).

The activities that have been approved in the EA consists of the following listed activities in terms of the NEMA EIA Regulations 2014:

Government Notice R983 (Listing Notice 1): Activity No. 1 and 27.

**Project Description & Location: The amendment application entails the change of the EA from a maximum of 5 MW electricity generation to a maximum of 10 MW electricity generation. Furthermore, the application entails the amendment of the EA, that a hydrogen plant can be developed within the 20 ha footprint, which is powered by the electricity generated from the PV solar facility as well as the extension of validity time. The site is located on the Remainder of Farm De Duinen no. 258, Vanrhynsdorp within Matzikama Local Municipality, Western Cape Province. The geographical coordinates of the site is 31° 34' 46. 024" S, 18° 44' 46.914" E.**

**Public Participation:**

Interested and Affected Parties ("I&APs") are hereby notified of the intention to submit an amendment application of EA for the above-mentioned project and are invited to register (in writing) and to provide comments to EnviroAfrica regarding the proposed amendment on or before 10 September 2022. In order to register or submit comment, I&APs should refer to the name of the project, and provide their name, address and contact details (indicating your preferred method of receiving notification) and an indication of any direct business, financial, personal, or other interest which they have regarding the amendment application. You are also requested to pass this information on to any person that you think should be notified.

Please note that only Registered I&APs will be notified of the availability of reports that become available for public viewing and comment and only Registered I&APs will be notified of the outcome of the amendment application, the reasons for the decision; and that an appeal may be lodged against the decision; and if applicable, only Registered I&APs will be notified of the applicant's intention to appeal the decision of the competent authority.

In line with the Protection of Personal Information Act No. 4 of 2013 (as amended), personal information of registered I&APs will not be published as part of this report. Please inform EnviroAfrica in writing should you require a list of I&APs for appeal purposes. EnviroAfrica will consult with the competent authority and respond appropriately.

*Note: A full list of registered I&APs as well as all correspondence with I&APs will be submitted to the competent authority.*

Consultant: EnviroAfrica CC. P.O. Box 5367, Helderberg, 7135 / Fax: 086 512 0154 / Tel: 021 8511616 / E-mail: info@enviroafrica.co.za